



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2021

GRAAD 5 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Gen. 41-43
Nuwe Testament	Luk. 7
Les	Les 1 – 9

Afdeling A – Gen. 41 – 43

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Farao het na verloop van _____ jaar gedroom dat hy by die Nyl staan. (Gen. 41:1)
(a) 2 Jaar (b) 10 jaar (c) nooit (d) 6 maande
- 1.2 _____ kon die Farao se droom uitlê nie. (Gen. 41:8)
(a) Die skinker (b) die bakker (c) niemand (d) die farao se vrou
- 1.3 Vir wie het Farao uit die gevangenis laat haal? (Gen. 41:14)
(a) Josef (b) Farao (c) Potifar se vrou (d) Moses
- 1.4 Jakob het sy seuns na Egipteland gestuur om _____. (Gen. 42:2)
(a) Donkies te soek (b) water te gaan haal (c) koring te koop (d) Josef te gaan haal
- 1.5 _____ van Josef se broers het na Egipteland vertrek (Gen. 42:3)
(a) 10 (b) almal (c) net een (d) nie een nie

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

borg, Simeon, die hele Egipteland, die land Kanaän, jongste broer

- 2.1 Farao het vir Josef aangestel oor **A**. (Gen. 41:41)
- 2.2 Josef vra vir sy broers: Waar kom julle vandaan? En hulle antwoord: uit **B**. (Gen. 42:7)
- 2.3 Josef het **C** by hom agtergehou toe sy broers teruggegaan het (Gen. 42:24)
- 2.4 Josef het gevra dat **D** na hom gebring word (Gen. 42:34)
- 2.5 Juda het aangebied om vir Benjamin 'n **E** te wees. (Gen. 43:8-9)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Die porsie vir Benjamin was vyf maal groter as die van sy broers. (Gen. 43:34)
- 3.2 Daar was nie koring in Egipte nie. (Gen. 42:2)
- 3.3 Josef het vir sy broers gesê: 'Julle is spioene!'. (Gen. 42:9)
- 3.4 Josef het gevra dat die jongste broer ook na hom gebring word. (Gen. 42:15)
- 3.5 Toe Josef die broers uitgevra het, het hulle gesê dat hulle elf in getal is. (Gen. 42:13)
- 3.6 Farao se droom was van sewe vet en sewe maer koeie en sewe vet koringare en sewe maer koringare. (Gen. 41:2-5)
- 3.7 Farao het vir Josef gesê Daar was niemand wat sy droom kon uitlê nie. (Gen. 41:15)
- 3.8 Josef se vou se naam was Potifera. (Gen. 41:45)
- 3.9 Die broers van Josef het die geld wat die vorige keer in hulle sake gesit is, nie teruggebring na Josef nie. (Gen. 43:12)
- 3.10 By die ete het Josef sy broers volgens ouderdom laat sit. (Gen. 43:33)

20 punte.

Afdeling B – Lukas 7

Vraag 4 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 4.1 Die Hoofman oor _____ se dienskneg was siek. (Lk. 7:2)
(a) 10 (b) 100 (c) 1000 (d) die tempel
- 4.2 Jesus was toe in _____. (Lk. 7:1)
(a) Jerusalem (b) Kapernaüm (c) Egipte (d) Klerksdorp
- 4.3 Die Hoofman het _____ na Jesus gestuur. (Lk. 7:3)
(a) diakens (b) soldate van die Romeine (c) ouderlinge van die Jode (d) dissipels
- 4.4 Die volgende dag was Jesus op pad na 'n stad met die naam _____. (Lk. 7:11)
(a) Naïn (b) Jerusalem (c) Jerigo (d) Bet-el
- 4.5 Die seun se moeder was 'n _____. (Lk. 7:12)
(a) ouma (b) diaken (c) weduwee (d) predikant

Vraag 5 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

Innig jammer; kwaad; Staan op!; regop gaan sit; begin praat; vrees; blydskap

- 5.1 Toe Jesus die vrou sien, het hy **A** vir haar gevoel. (Lk. 7:13)
- 5.2 Jesus het vir die dooie gesê: Jong man, Ek sê vir jou: **B**. (Lk. 7:14)
- 5.3 Die dooie het **C** en **D**. (Lk. 7:15)

5.4 E het almal aangegryp. (Lk. 7:16)

Vraag 6 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 6.1 Johannes die Doper het vier van sy dissipels na Jesus gestuur. (Lk. 7:19)
- 6.2 Hulle het aan Jesus gevra of Hy die Een is wat sou kom? (Lk. 7:20)
- 6.3 Jesus het hulle geantwoord: Salig is elkeen wat aan my nie aanstoot neem nie. (Lk. 7:23)
- 6.4 Jesus sê vir Sy dissipels: daar is baie groter profete as Johannes die Doper. (Lk. 7:28)
- 6.5 Die Fariseërs het hulle ook laat doop deur Johannes. (Lk. 7:29)
- 6.6 'n Tollenaar het Jesus genooi om by hom te kom eet. (Lk. 7:36)
- 6.7 'n Sondares het Jesus se voete met haar trane natgemaak en met haar hare afgedroog. (Lk. 7:37-38)
- 6.8 Die Fariseër sê toe: As Jesus 'n Profeet was, sou Hy geweet het watter soort vrou Hom aanraak. (Lk. 7:39)
- 6.9 Die geldskierter het drie skuldenaars gehad. (Lk. 7:41)
- 6.10 Jesus het vir die vrou gesê: Jou sondes is vergewe. (Lk. 7:48)

20 Punte

Afdeling C – Les 1-9

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Elia se naam beteken: God is my hulp. (Les 1)
- 7.2 Elia ontmoet 'n wedwee by Sarfat. (Les 1)
- 7.3 Elia se offer is met vuur uit die hemel aangesteek op Horeb. (Les 2)
- 7.4 Die groot profeet soos Elia was Johannes die Doper. (Les 2)
- 7.5 Elisa het vir Naäman aangesê om hom 10 keer in die Jordaan te gaan was. (Les 4)

Vraag 8 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

Gevangenis, Manasse, Nebukadnesar, Serafs, goeie en gelowige, ongelowige, Dawid

- 8.1 Koning A van Babel het Jerusalem ingeneem. (Les 9)
- 8.2 Jeremia is in die B gegooi. (Les 8)
- 8.3 C is engele wat by die troon van die Here is. (Les 7)
- 8.4 D was die seun van Hiskia. (Les 6)

8.5 Hiskia was 'n **E** koning. (Les 6)

10 Punte

Totaal: 50 Punte